READING ACADEMY



## BOEK 2

# BEGRIP

### LEER KINDERS HOE OM TE LEES

**10** URE

Al 10 lesse moet voltooi word

Western Cape Government
Education

Funda Wande
Reading for Meaning

# Verwelkoming en oriëntasie

Welkom by Funda Wande Reading Academy se Boek 2, die geleidelike-oordrag-model vir die onderrig van lees: vyf KABV-leesaktiwiteite.

Hierdie module bevat vyf leesaktiwiteite wat gebruik word vir die onderrig van die komponente van die leeskurrikulum wat in die KABV vervat is. Hierdie leesaktiwiteite is:
Onderwyser lees hardop Gedeelde lees
Groepbegeleide lees  Lees in pare
Selfstandige lees

Die onderwyser verminder geleidelik die steiering wat sy in hierdie aktiwiteite aan leerders voorsien terwyl hulle lees, en leerders neem toenemend verantwoordelikheid om selfstandig te lees. Ons noem dit die onderrigmodel vir geleidelike oordrag van verantwoordelikheid. Die model word in die eerste twee lesse behandel.

Daar is 20 lesse in hierdie module en elke module sal ongeveer een uur neem om te voltooi. Jy behoort die module binne 20 ure te voltooi.

Dis belangrik dat jy die lesse in volgorde doen, aangesien elke les voortbou op die inhoud van die vorige een. Ons moedig jou aan om tydens elke les 'n aktiewe leser te wees.

Elke les het 'n **video('s)** waarna jy moet kyk (klik op 'kyk nou') en 'n **selfassessering** wat voltooi moet word.








## Oorsig van die les en onderwerpe

**LES 11**
Wat is woordeskat en waarom is dit belangrik? — *Bladsy 5*

**LES12**
Hoe onderrig ons woordeskat? — *Bladsy 9*

**LES 13**
Die onderrig van begrip — *Bladsy 14*

**LES 14**
Strategie 1 – Aktivering van agtergrondkennis — *Bladsy 17*

**LES 15**
Strategie 2 – Voorspelling — *Bladsy 20*

**LES 16**
Strategie 3 – Visualisering — *Bladsy 24*

**LES 17**
Strategie 4 – Afleiding — *Bladsy 28*

**LES 18**
Strategie 5 – Monitering en herstel — *Bladsy 32*

**LES 19**
Strategie 6 – Opsomming — *Bladsy 36*

**LES 20**
Gebruik vrae om begrip te bou — *Bladsy 40*

**ANTWOORDE OP VRAE IN LESSE** — *Bladsy 44*

Die Funda Wande
# READING ACADEMY
Reeks




Om die meeste baat uit hierdie kursus te vind, sorg asseblief dat jy die video's klaar kyk en dat jy elke selfassessering voltooi.

Ons moedig jou aan om deur die loop van die kursus 'n aktiewe leser en kyker te wees. Die assesserings in die kursus help om jou kennis na te gaan – die antwoorde verskyn aan die einde van elke les. Daar sal na afloop van die module 'n finale assessering wees.

Die finale assessering bestaan uit twee toetse en die besonderhede is soos volg:

- Toets 1 word na die voltooiing van Boek 1 en 2 afgelê.
- Toets 2 na die voltooiing van Boek 3 en 4.
- Elke toets duur 1 uur en is in die formaat van veelvuldige keuse.
- 'n Aanlyn skakel vir elke toets sal op die geskeduleerde datum voorsien word.
- Jy sal jou uitslae ontvang deur aan die einde van elke toets op die 'submit'-knoppie te druk.
- Sou jy die toets druip, sal jy 'n tweede kans kry om die toets af te lê en 'n nuwe datum sal daarvoor geskeduleer word.

Ons hoop jy geniet die kursus en vind baat daarby!





# Les 11: Wat is woordeskat en waarom is dit belangrik?

60 mins

Welkom terug.

Kinders leer elke jaar vanaf Graad 1 tot 9 baie woorde, in hul huistaal en in addisionele tale. Ons het nog nie 'n syfer vir isiXhosa-sprekers nie, maar Engelssprekende leerlinge leer jaarliks ongeveer 2 000 tot 3 000 nuwe woorde. Dit is ongeveer vyf tot agt nuwe woorde per dag! Leerders se woordeskatontwikkeling hang af van hul blootstelling aan ryk woordeskat. In hierdie eenheid word gekyk na maniere waarop onderwysers 'n ryk blootstelling aan leerders

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Wat word met woordeskat bedoel
- Wat dit beteken om 'n woord te ken
- Waarom woordeskat belangrik is
- Die grootte en diepte van woordeskat
- Waarom blootstelling en lees belangrik vir die ontwikkeling van woordeskat is

## Wat bedoel ons met woordeskat?

Dit verwys na die woorde, idiome en frases wat ons ken. As ons 'n woord ken, beteken dit ons verstaan die:

a) betekenis
b) klank (uitspraak)
c) spelling
d) dele en funksie.

Ons hoef nie al hierdie aspekte vir elke woord te ken nie, maar hoe meer ons van die woord weet, hoe meer geneig is ons om dit te herken of dit weer te gebruik.



### Hoekom is dit belangrik om woordeskat te leer?

1. **Jy kan sê/skryf wat jy bedoel.** Hoe meer woorde jy ken, hoe akkurater kan jy jou idees en gevoelens uitdruk. Woordeskatkennis is die sleutel tot sukses in inhoudsvakke op skool.
2. **Jy kan verstaan wat jy hoor/lees.** As jy nie ten minste 95% van die woorde in 'n teks verstaan nie, sal jy sukkel om die teks te begryp.
3. **Jy kan vlotter en doeltreffender lees.** Wanneer jy woorde lees wat jy reeds ken en verstaan, herken jou brein hulle vinnig. Dit stel jou in staat om vlot/vloeiend te lees.
4. **Woordeskat is noodsaaklik om kennis op te bou.**

VIDEO

### Kyk nou na video 118: What is vocabulary?

**5** mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor:*

1. Watter soort woorde behoort kinders te ken?
2. Na jou mening, hoeveel woorde moet hulle elke week leer?
3. Hoekom is dit belangrik dat onderwysers interessante woorde gebruik wanneer hulle met kinders praat?




KYK NOU




### Grootte en diepte van woordeskat

Die onderwysers in video 118 het gepraat oor die grootte en diepte van woordeskat. Ons kyk na hierdie begrippe:

**Grootte:** Dit is belangrik om baie woorde te ken. Leerders wat lees, ken baie meer woorde oor meer onderwerpe as leerders wat nie lees nie. Leerders wat goed op skool vaar, ken gewoonlik meer woorde as dié wat op skool sukkel

**Diepte:** Diepte van woordeskat verwys na hoe goed ons woorde ken. Kan ons die woord vinnig en akkuraat herken? Kan ons dit spel? Weet ons wat dit beteken? Watter bybetekenis (konnotasie) het dit? Byvoorbeeld: Die byvoeglike naamwoorde skraal en tingerig beteken albei dat iemand nie vet is nie, maar skraal het 'n positiewer bybetekenis (nie vet of maer nie), en tingerig het 'n effense negatiewe bybetekenis (bietjie te maer).



VRAE

**Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?**

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Ons kan aanvoer dat ons 'n woord ken as ons dit reg kan uitspreek. **Waar of onwaar?**
2. Die kennis van woordeskat is 'n belangrike komponent om sukses op skool te behaal. **Waar of onwaar?**
3. Dis belangriker om diepte van woordeskat as grootte van woordeskat te ontwikkel. **Waar of onwaar?**
4. Diepte van woordeskat verwys na die kennis van hoe om 'n woord in konteks te gebruik en toe te pas. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Wend jy 'n daadwerklike poging aan om jou leerders gereeld in die klas aan 'n wye verskeidenheid woordeskat bloot te stel?
2. Oorweeg jy tydens lesbeplanning watter woordeskat jy wil hê die leerders moet leer?

Welgedaan! Jy het Les 11 voltooi.



# **Les 12:** Hoe onderrig ons woordeskat?

60 mins

Welkom terug.

**Twee sleutelbeginsels vir die ontwikkeling van woordeskat**

1. Leerders het gereelde blootstelling aan ryk gesproke en geskrewe taal nodig.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Waarom blootstelling en lees belangrik vir die ontwikkeling van woordeskat is
- Wat word met RYK taal bedoel?
- Die Mattheüs-effek op lees
- Eksplisiete en toevallige woordeskatontwikkeling

2. Leerders moet baie lees om blootgestel te word aan woorde wat nie in alledaagse geselstaal gebruik word nie.


## Twee sleutelbeginsels vir die ontwikkeling van woordeskat

1. Leerders het gereelde blootstelling aan ryk gesproke en geskrewe taal nodig
2. Leerders moet baie lees om blootgestel te word aan woorde wat nie in alledaagse geselstaal gebruik word nie.

## Wat bedoel ons met ryk taal?

Ryk taal is gevarieerd, uitdrukkingsvol en uitgebreid. Hoewel gesproke taal ryk kan wees, weet ons dat geskrewe taal meer woorde, meer begrippe, 'n meer uitdrukkingsvolle woordeskat en 'n breër verskeidenheid woorde as gesproke taal bevat. Dit is een van die hoofredes waarom toenemende lees leerders se woordeskat uitbrei. Dit word na verwys as die Mattheüs-effek.






Hoe meer 'n mens lees, hoe meer woorde kom mens teë wat ons woordeskat verbreed en ons nog beter lesers maak. Ons noem dit die Mattheüs-effek (met verwysing na die Bybelse gelykenis van die talente, Mattheüs 25:29).

**Om op te som: Hoe meer jy lees, hoe beter lees jy en hoe beter is jou kanse om suksesvol op skool te wees**

**Onderwysers moet geleenthede vir blootstelling skep**

Onderwysers moet geleenthede skep vir leerders om blootstelling te kry aan 'n reeks relevante, interessante en gevarieerde tekste. Dit is uiters belangrik want:

1. blootstelling aan taal beïnvloed die omvang van die woordeskat. Leerders uit huise waar daar baie ryk taalgebruik is, ken baie meer woorde as leerders wat nie hierdie blootstelling het nie. Ons moet onthou dat veeltalige leerders woordeskatkennis in al hul tale ontwikkel.

2. hoeveel daar gelees word, beïnvloed die omvang van die woordeskat. Mense wat baie lees (in enige taal) het altyd 'n baie groter woordeskat as mense wat nie lees nie. Mense uit huise waar daar meer boeke is, het ook 'n groter woordeskat. Baie leerders het as gevolg van armoede nie toegang tot boeke tuis nie. Hierdie verskille in woordeskat kan 'n groot invloed hê op hoe goed leerders op skool vaar.



VIDEO

**Kyk nou na video 104: What is incidental vocab teaching?**

7 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Waarom is dit so belangrik dat die onderwyser met kinders gesels, ook oor nuwe onderwerpe?
2. Hoe word kinders se woordeskat deur hardop lees opgebou?
3. Hoe brei die onderwyser uit wat kinders sê (voeg by)? Hoekom is dit belangrik?




KYK NOU

**Wat is eksplisiete woordleer?**

a) Eksplisiete woordleer vind plaas wanneer die onderrig deeglik beplan word en die doelwit duidelik is.
Wanneer onderwysers woordeskat eksplisiet onderrig, volg hulle 'n duidelike program wat leerders se woordeskatkennis versterk. Hulle stel spesifieke doelwitte (om byvoorbeeld 15 nuwe woorde per week te onderrig). Hulle beplan wanneer hulle die woorde sal onderrig, hoe om dit te onderrig en wanneer om die woordeskatkennis te assesseer.

b) Eksplisiete woordleer is belangrik om ons kennis van woorde te verdiep. Onthou om oor betekenis, vorm en gebruik te onderrig.

c) Blootstelling is die sleutel. Leerders moet hierdie nuwe woorde meermale sien, hoor, sê en neerskryf om dit te leer.


VIDEO

### Kyk nou na video 123: What is explicit vocab teaching?

5 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor:*

1. In watter lesse kan jy woordeskat eksplisiet onderrig?
2. Waarom word woorde op flitskaarte geskryf?
3. Waarom word flitskaarte op die woordmuur geplaas?




KYK NOU

**Belangrike idees uit die video**

a) Woordeskat kan in alle taalaktiwiteite onderrig word (gedeelde lees, hardop lees, klankleer, praat en luister, groepbegeleide lees en skryf).
b) Die onderwyser moet die geselekteerde woordeskat beplan en voorberei.
c) Woorde kan uit 'n teks vir gedeelde lees geneem word uit.
d) Flitskaarte is handig om die woorde bekend te stel.
e) Geselekteerde woorde moet elke week in die klaskamer vertoon word (Woorde van die Week).
f) Die onderwyser moet die woorde gereeld deur die week behandel (herhaalde blootstelling).
g) Woorde kan tydens skryfaktiwiteite ingeprent word.
h) Teks wat die onderwyser hardop lees is nuttig om nuwe en gevarieerde woorde bekend te stel.
i) Plakkate kan 'n handige manier wees om nuwe woorde en begrippe bekend te stel.
j) Woorde en woordeskat kan ook tydens Lewensvaardighede versterk word. Woorde kan uit alle leerareas gekies word, insluitend Wiskunde.
k) Groepbegeleide lees bied ruimte vir die onderrig van woordeskat.
l) Woorde moet deur die loop van die week en die kwartaal herhaal word sodat die leerders dit kan onthou.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Pas die kolomme

Pas die **uitdrukking in kolom A** by die **betekenis in kolom B.**

| **A**/ UITDRUKKING | **B**/ BETEKENIS |
|---|---|
| 1 Blootstelling | a. Taal wat uitdrukkingsvol en gevarieerd is en nuwe woorde en begrippe bevat. |
| 2 Die Mattheüs-effek | b. Bied geleenthede aan leerders om te lees en taal te gebruik om hul woordeskat te ontwikkel. |
| 3 Ryk taal | c. Die ontwikkeling van woordeskat terwyl ander idees en aktiwiteite onderrig word. |
| 4 Toevallige woordeskatleer | d. Leerders wat lees, doen meer woordeskatkennis op wat hulle aanmoedig om meer te lees en hulle word dus voortdurend "ryker" in hul woordkennis. |

**Antwoorde**

### Besinning

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Wat kan jy gereeld in die klas doen om jou leerders aan ryk taal bloot te stel?
2. Watter onderrigstrategieë gebruik jy vir eksplisiete onderrig van woordeskat?

Welgedaan! Jy het Les 12 voltooi.

# Les 13: Die onderrig van begrip

60 mins

Welkom terug.

Die hoofdoelwit van lees is om 'n teks te verstaan of betekenis daaruit te maak. Ons is dikwels vinnig om begrip te assesseer, maar skenk nie genoeg aandag aan die eksplisiete onderrig van begrip nie.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Begrip moet onderrig word.
- Strategieë vir begrip moet vir leerders onderrig word.
- Om goeie vrae te stel, is die sleutel tot die ontwikkeling van begrip.

## Begrip is die uiteindelike doelwit van lees

Dit is sinneloos en frustrerend om sonder begrip te lees

\+

Lees met begrip is nodig vir leer en genot

→

Dit is nie altyd vanselfsprekend vir kinders nie, en daarom moet ons begrip eksplisiet onderrig



Funda Wande

**BEGRIP IS**

die proses om te verstaan wat ons lees.

**DIE ONDERRIG VAN BEGRIP IS**

om kinders te leer hoe om sin van iets te maak, sodat hulle verstaan wat hulle lees.

- om vrae te stel wat hulle lei om met begrip te lees.
- om hulle strategieë te leer wat hulle kan gebruik om enige teks te verstaan.

**DIE ONDERRIG VAN BEGRIP IS NIE**

om bloot vrae te stel om na die lees van 'n teks te beantwoord nie – dit is die assessering van begrip, nie die onderrig daarvan nie.

VIDEO

**Kyk nou na video 165: Teaching Comprehension**

11 mins

Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:

1. Wat beteken dit om begripstrategieë eksplisiet te onderrig?
2. Watter soort vrae help kinders om te dink oor wat hulle lees?




KYK NOU



Funda Wande

Begripstrategieë is maniere om na te dink oor die tekste wat ons lees. Begripstrategieë kan eksplisiet onderrig word. Die akroniem NEMPA ("name, explain, model, practise, apply") bevat die vyf stappe wat in die eksplisiete onderrig van 'n begripstrategie gevolg moet word. Hierdie stappe sal moontlik 'n paar keer herhaal moet word voordat leerders dit uit gewoonte begin

BENOEM → VERDUIDELIK → MODELLEER → OEFEN → PAS TOE

Aangesien begrip 'n denkproses is wat nie gesien kan word nie, is "hardop dink" 'n doeltreffende manier om denke te modelleer.

1. Wanneer die onderwyser hardop dink, vertel sy vir die klas wat sy dink. Die onderwyser sê byvoorbeeld: "Ek weet nie hoe om hierdie woord te sê nie, so laat ek dit in lettergrepe opdeel om te probeer uitvis hoe om dit te lees."
2. "Hardop dink" kan gebruik word vir die onderrig van begripstrategieë, dekodering, skryfwerk of hoe om die betekenis van woorde te bepaal.

VRAE

### Gaan jou begrip na: Sluitingsprosedure

**Antwoorde**

Voltooi die sinne deur woorde uit die lys hier onder te gebruik.

**voorspelling – interaksie – eksplisiet – struktuur – afleiding**

1. Die onderwyser moet leerders aktief leer hoe om te begryp deur vrae te vra en die leerders te help om _______________met die teks te hê.
2. As leerders oor die_______________van 'n teks geleer word, sal dit hulle help om te verstaan hoe die formaat van 'n teks die bedoeling beïnvloed.
3. Die onderwyser moet nie net letterlike vrae vra nie, maar ook vrae om 'n _______________te maak.
4. Om leerders te vra om te dink oor wat volgende in die storie gebeur, word _______________genoem.
5. Begripstrategieë moet_______________deur die onderwyser onderrig en gemodelleer word.

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Is jy ooit eksplisiet geleer hoe om te begryp toe jy 'n leerder was?
2. Wat het jou in hierdie video oor die onderrig van begrip opgeval?

Welgedaan! Jy het Les 13 voltooi.





# Les 14: Strategie 1 – Die aktivering van agtergrondkennis

60 mins

Wat jy in hierdie les sal leer

**What you will learn in this lesson**

- Waarom dit belangrik is om leerders te laat nadink oor wat hulle reeds van 'n onderwerp weet
- Deur dit te doen, word leerders gemotiveer om betrokke te raak

Agtergrondkennis is wat ons reeds van iets weet. Hierdie kennis kry ons uit ons ervarings in die lewe, soos lees, sien, leer en voel. 'n Goeie leesstrategie is om ons agtergrondkennis te aktiveer voordat ons begin lees. Dit beteken dat jy daardie kennis "wakker maak" sodat jy dit kan gebruik wanneer jy lees.

VIDEO

### Kyk nou na video 143: Background knowledge

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Waarom word die leerders gevra wat hulle reeds van insekte weet?
2. Hoe sal dit hulle help om die teks te verstaan?
3. Sal dit hulle motiveer om die teks te lees?




KYK NOU

**Kyk na hierdie samevatting van hoe om leerders se agtergrondkennis te aktiveer:**

### WAT onderrig ek?

**Hulle moet hul bestaande kennis in herinnering bring en dit gebruik** om hulle te help om nuwe kennis wat in die lees van 'n teks voorkom, te verstaan.

**Agtergrondkennis sluit in:** kennis van 'n onderwerp, woordeskat, taalstruktuur asook tekstuele konvensies wat leestekens insluit.

### HOEKOM?

**Om voort te bou op wat ons alreeds weet terwyl ons lees.** Die ou en nuwe kennis word in ons brein verbind.

**Om ons te help om die gapings in die teks te vul** (afleiding te maak). Dit is belangrik, want nie alles in 'n teks is eksplisiet geskryf nie.

**To anticipate (predict) what might happen next.**

### WANNEER?

**Voor daar gelees word.** In die klaskamer steier die onderwyser dit tydens gedeelde lees of hardop lees. Kinders oefen dit tydens selfstandige lees.

**Terwyl daar gelees word.** Die onderwyser modelleer en steier dit tydens gedeelde lees en hardop lees.

### HOE?

**Gaan vooraf deur** die teks saam met die klas: Gesels oor die omslag, titel en inhoudsopgawe en "wandel deur die prente".

**Vra vir hulle vrae** oor wat hulle van die onderwerp weet.
Vra hulle om oor hul eie vrae te dink, soos "Ek wonder ..."

**DINK HARDOP** om te demonstreer hoe kinders moet dink oor wat hulle reeds weet.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Sluitingsprosedure

**Antwoorde**

Gebruik die regte woord uit die lys om die sinne hier onder te voltooi.
**omslag – taalstrukture – afleiding – motiveer**

1. As jy fokus op wat die leerders van 'n onderwerp weet, sal dit hulle ________________ om meer te lees.
2. Die onderwyser kan die leerders vra om te dink oor wat hulle van die onderwerp weet asook hul kennis van ________________
3. Die ________________ van die boek is 'n goeie plek om te begin om leerders te vra oor wat hulle weet.
4. Wanneer leerders hul bestaande kennis op die teks toepas, sal hulle meer in staat wees om 'n ________________ te maak van betekenisse wat nie eksplisiet in die teks verskyn nie.

**Besinning**
Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Dink jy bewustelik aan wat jy weet voordat jy inligtingstekste lees?
2. Hoe kan jy lees in pare gebruik om meer leerders te laat nadink oor hul agtergrondkennis voordat hulle lees?

Welgedaan! Jy het Les 14 voltooi.

# **Les 15:** Strategie 2 – Voorspelling

60 mins

Welkom terug.

Die tweede strategie wat ons gaan ondersoek, is om leerders te vra om voorspellings te maak. Voorspelling is om vooruit te dink en te oorweeg wat volgende gaan gebeur. Dit is belangrik dat die onderwyser die leerders in hul voorspellings lei.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Die waarde daarvan om leerders te laat voorspel wat in die storie/teks gaan gebeur
- Wanneer om leerders te vra om te voorspel
- Hoe om leerders aan te moedig om nie wilde raaiskote te neem nie

## Aantekeninge oor hoe om leerders te laat voorspel

1. Voorspelling is nie net wilde raaiwerk nie.
2. Ons grond ons voorspellings op leidrade in die teks en op ons kennis van die wêreld en van hoe tekste werk.
3. As die onderwyser bloot vra: "Wat dink jy sal gebeur?", kan leerders lukrake raaiskote neem. Daarom is dit beter om die voorspelling te lei deur leerders se aandag te vestig op wat hulle gelees het en dan daardie kennis te gebruik om 'n voorspelling te lei.
4. 'n Voorbeeld hiervan sou wees: "Ons het pas gelees dat Thabo hom nie goed in die klas gedra nie en sy onderwyser het dit nou opgemerk. Wat dink jy gaan die onderwyser oor Thabo se gedrag doen?"
5. Prente, illustrasies en die omslag kan ook gebruik word as aansporings vir voorspelling.



VIDEO

**Kyk nou na video 1J: Prediction**

1 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Wat voorspel die kinders?
2. Hoe help dit hulle om die teks te verstaan?




KYK NOU



Kom ons kyk na 'n samevatting van hoe om leerders te onderrig om voorspelling te gebruik.

### WAT onderrig ek?

**Om leidrade in woorde of prente in** die teks en die kennis in ons kop te gebruik om "vorentoe in die storie te kyk" en te voorspel wat dalk kan gebeur.

**Nie om wilde raaiskote te neem nie!** Hulle behoort in staat te wees om redes vir hul voorspellings te gee.

**Om te bepaal of hul voorspellings akkuraat is of nie, en waarom.**

### HOEKOM?

**Dit help die leser om bestaande kennis aan nuwe kennis te koppel.**

**Dit moedig lesers aan om aktiewe denkers te wees terwyl hulle lees**

### WANNEER?

**Voordat hulle lees,** help voorspellings die leerders om te verwag wat hulle sal teëkom.

**Tydens lees** help voorspellings die leser om te wonder en te verwag wat volgende gaan gebeur.

### HOE?

**Modelleer voorspelling deur hardop te dink** oor hoe jy voorspel terwyl jy lees.

**Vra die kinders wat hulle dink volgende gaan gebeur,** op grond van wat hulle reeds weet en ook op wat hulle reeds gelees het.

**Vra hulle om hul voorspellings te evalueer.**






VRAE

### Gaan jou begrip na: veelvuldige keuse

Kyk na hierdie twee bladsye uit 'n Vula Bula-storie:




*Bladsy 1*




*Bladsy 2*

Die onderwyser wil leerders vra om voorspellings te maak op grond van die twee bladsye hierbo. Watter van die volgende sou die beste vraag vir voorspelling wees?

1. Kyk na albei prente en dink wat volgende gaan gebeur.
2. Kyk na die onderwyser se gesig en voorspel wat sy gaan sê.
3. Kyk mooi na wat die dogtertjie in prent 2 doen. Wat dink jy het sy in haar hand? Met die wete dat die onderwyser swanger is en dat die leerders opgewonde sit en fluister, wat dink jy beplan hulle?

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Na jou mening, waarom is dit waardevol om leerders nie slegs te laat voorspel nie, maar om ook later na te gaan of hulle voorspellings reg was, of nie?
2. Dink jy voorspelling kan vir alle soorte tekste gebruik word, insluitend inligtings- en prosedurele tekste?

**Antwoorde**

Welgedaan! Jy het Les 15 voltooi.

# Les 16: Strategie 3 – Visualisering

60 mins

Welkom terug.

**Visualisering is om prentjies van die storie in ons kop te maak terwyl ons lees.** As leerders visualiseer terwyl hulle lees, is hulle meer geneig om die teks te verstaan en te onthou wat hulle gelees het.

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Visualisering as 'n begripstrategie
- Hoe om leerders in die proses van visualisering te lei



### Notas oor visualisering

1. Mense is geneig om visuele beelde (prente) beter as woorde te onthou.
2. As jy die leerders vra om 'n prentjie in hul kop te vorm, help dit hulle om te sien en te onthou wat hulle lees.
3. Die onderwyser kan die proses van visualisering ondersteun deur die vorming van die prentjie te lei
4. Die onderwysers kan visualisering ondersteun deur die proses vir die leerders te modelleer.

VIDEO

### Kyk nou na video 152: Visualising

4 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Hoe het jy die storie gevisualiseer?
2. Maak dit saak dat elke persoon op 'n unieke wyse sal visualiseer?




KYK NOU

**Kyk na hierdie samevatting van hoe om die strategie van visualisering aan leerders te onderrig.**

### WAT onderrig ek?

**Om in hul gedagtes 'n prentjie te bou** soos hulle lees.

**Om leidrade in woorde of prente in die teks,** kennis in hul kop en hul denkvaardighede te gebruik om hierdie prentjie van wat hulle lees, in hul gedagtes te bou.

**Om al hul sintuie te gebruik om hierdie prentjie te vorm.** Ons vyf sintuie is sien, ruik, proe, raak en hoor.

### HOEKOM?

**Dit is 'n visuele voorstelling** van ons begrip. Dit help ons om te "sien" wat geskryf staan.

**Ons gebruik al ons sintuie** om ons te verbeel hoe die toneel lyk.

**Dit help ons om te onthou** wat ons gelees het.

### WANNEER?

**Modelleer visualisering in 'n deel van die storie wat maklik is** om te visualiseer.

**Wys hoe die prentjie in jou gedagtes kan verander** terwyl jy verder lees en nuwe leidrade vind.

**Vra die kinders om te beskryf wat hulle na 'n beskrywing visualiseer,** of nadat 'n voorval plaasgevind het.

### HOE?

**Modelleer die strategie** deur die prentjie in jou gedagtes te beskryf. Praat oor die woorde in die teks wat gehelp het om hierdie prentjie te vorm.

**Wys hoe om al jou sintuie te** gebruik om te visualiseer.

**Vra die kinders om hul visualisering te** verduidelik en te praat oor die woorde in die teks wat gehelp het om die prentjie te skep.



VRAE

## Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

**Antwoorde**

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

1. Deur 'n prentjie in ons gedagtes te vorm oor wat ons lees, help ons om te onthou. **Waar of onwaar?**
2. Die kennis van woordeskat is 'n belangrike komponent om sukses op skool te behaal. **Waar of onwaar?**
3. Visualisering is nie doeltreffend vir alle soorte teks nie. **Waar of onwaar?**
4. Die onderwyser moet vooraf identifiseer watter aspekte van die teks sy wil hê die leerders moet visualiseer. **Waar of onwaar?**

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Help die ikone (soos 'n **x**) jou om hierdie strategieë te onthou?
2. Kan jy aan beter beelde/ikone dink wat gebruik kan word om hierdie ses strategieë voor te stel?

Welgedaan! Jy het Les 16 voltooi.

# **Les 17:** Strategie 4 – Afleiding


60 mins

Welkom terug.

Jong lesers dink dikwels dat al die inligting wat hulle uit ’n teks sal kry, op die bladsy verskyn. Dit is nie waar nie. Lesers moet hulle bestaande kennis van die wêreld gebruik, asook wat die teks sê, om hulle te help om sin te maak uit wat die skrywer wil sê. Ons noem dit: Om **’n afleiding te maak.**

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Wat dit beteken om ’n afleiding te maak
- Waarom dit belangrik is dat leerders ’n afleiding uit ’n teks maak
- Om vrae vooraf op te stel om seker te maak dat hoër-orde-vrae ingesluit is





VIDEO

### Kyk nou na video 149: Inferring

3 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Vertel die storie ons presies wie Nomsa is?
2. Watter inligting gebruik die kinders om te bepaal wie Nomsa is?




KYK NOU

**Lees hierdie samevatting van hoe om afleiding te onderrig.**

### WAT onderrig ek?

**Deur te verstaan wat nie eksplisiet in die teks gesê word nie, maak ons 'n konneksie tussen**
- stukkies inligting in die teks
- die teks en wat ons van die wêreld weet.

**Dat jy aktief** vir implisiete betekenis in tekste **moet soek.**

**Dat jy moontlik weer moet lees** of stadiger moet lees.

### HOEKOM?

**Baie inligting in tekste word geïmpliseer (nie gemeld nie).** Tekste sal te lank en vervelig wees as skrywers elke klein detail moet verduidelik. Dit beteken dat lesers 'tussen die lyne moet lees' of die leemtes moet vul.

**Om afleidings te maak, is uiters belangrik vir lees met begrip.**

### WANNEER?

**Veral wanneer verhale of poësie gelees word.**

**Onderrig hierdie strategie eksplisiet tydens gedeelde lees.**

**Herinner kinders** tydens groepbegeleide lees en selfstandige lees om die strategie van **afleiding toe te pas.**

### HOE?

**Wys hoe jy opmerk** wanneer jy 'n afleiding moet maak.

**Modelleer** hoe om kennis oor taal, woordeskat en agtergrondkennis te gebruik om die leemtes in die teks te vul.

**Vra vrae wat afleidings maak** om kinders hiermee te help. Vra hulle om redes vir hul antwoorde te gee.

VRAE

### Gaan jou begrip na: Kies 'n vraag

Kyk na die volgende bladsy uit 'n werkboek. Kies watter vraag hier onder 'n vraag is om 'n afleiding te maak.


21 We get there at last

Term 1 – Week 5–6

Let's speak Look at the picture and talk about what you see.

Let's read

At last the taxi arrived at Dumi's house.

It was already 8 o'clock that night. "At last we are here," said Bongi, and she turned the door knob.

Bongi was very glad to see her cousin. "Hi Dumi," Bongi screamed.

"Come and see the baby frogs in the river," Dumi shouted.

"No, no!" said Dumi's mother. "You must both please sit and eat."

"I want to climb in the tree house at the park," Bongi screamed.

"No, you can't climb the tree now. It's too late. You must sit and eat," called her mother.

44

**Vraag:** Watter een van die drie ondergemelde vrae is 'n vraag om 'n afleiding te maak?

1. Hoe laat het die taxi by Dumi se huis aangekom?
2. Waar wou Bongi 'n boom klim?
3. Hoekom het Bongi "geskree" en nie net vir Dumi gevra om na die rivier toe te gaan nie?

**Besinning**
Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Onthou jy dat jy op skool eksplisiet geleer is om afleidings te maak?
2. In watter graad behoort onderwysers vir leerders te onderrig hoe om afleidings uit 'n teks te maak?

**Antwoorde**

Welgedaan! Jy het Les 17 voltooi.

# **Les 18:** Strategie 5 – Monitering en herstel

**60** mins

Welkom terug.

Monitering en herstel vind plaas wanneer ons seker maak dat ons verstaan wat ons lees (moniteer) en as iets nie vir ons sin maak nie, dat ons weer die teks lees (herstel).

### Wat jy in hierdie les sal leer

- Waarom dit belangrik is dat lesers hulle begrip monitor terwyl hulle lees
- Maniere hoe om te "herstel" of reg te stel terwyl hulle lees
- Dat leerders aangemoedig moet word om weer te lees en effens terug moet gaan om seker te maak, en dan weer moet probeer om sin uit die teks te maak

### Notas oor monitering en herstel

1. Die belangrikste aspek van hierdie strategie is om leerders aan te moedig om wakker te wees en hulle begrip na te gaan (te monitor) terwyl hulle lees.
2. As hulle monitor terwyl hulle lees, sal hulle leemtes/ foute/ dinge optel wat nie sin maak nie. Sodra hulle besef daar is iets wat nie sin maak nie, gaan hulle terug en lees weer of maak seker.
3. Wanneer leerders vinnige lesers word, sal hulle bewus wees dat begrip gemonitor moet word en dat daar moontlike probleemareas kan wees.
4. Die STOP-teken kan gebruik word om vir die leerders aan te dui dat as hulle besef iets maak nie sin nie, hulle dit vinnig nagaan en probeer om dit te "herstel" (terug te gaan en die sin of frase weer te lees) in plaas daarvan om net aan te hou lees.
5. Only if rereading and going back does not work, should learners ask for help or consult a dictionary or reference book.
6. As leerders nie vroeg in die teks let op foute of dinge wat nie sin maak nie, sal hulle gou belangstelling en begrip verloor.
7. Namate leerders meer vloeiende lesers word, behoort die monitering onbewustelik plaas te vind.






VIDEO

### Kyk nou na video 148: Monitoring and repair

**5** mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Wat modelleer die onderwyser?
2. Waarom gebruik die onderwyser die stopteken?




KYK NOU

**Lees hierdie samevatting oor monitering en herstel.**

STOP

### WAT onderrig ek?

**Om voortdurend na te gaan dat hulle 'n begrip het** van wat hulle lees.

**Om te stop en weer te lees** as hulle begrip verloor.

**Om te probeer om die probleem te HERSTEL of REG TE STEL** as hulle 'n sin/woord/stuk lees wat nie sin maak nie.

STOP

### HOEKOM?

Dit help hulle om **leemtes of misverstande op te let TERWYL hulle lees,** en nie slegs aan die einde van die teks nie.

Dit verseker dat kinders **aktiewe, denkende lesers** is.

STOP

### WANNEER?

Modelleer die strategie tydens **gedeelde lees.**

Herinner leerders tydens **groepbegeleide lees en selfstandige lees** om hierdie strategie toe te pas.

Kinders moet hulle begrip **tydens en ná lees** monitor en herstel.

STOP

### HOE?

**Verduidelik** dat die rede waarom ons lees, is sodat ons kan verstaan. As daar dus 'n probleem is en ons verstaan nie, moet ons probeer om die probleem sodra moontlik reg te stel.

**Gebruik NEMPA:** (name, explain, model, practise and apply) – benoem, verduidelik, modelleer, oefen en pas toe.



VRAE

### Gaan jou begrip na: Waar of onwaar?

Skryf die antwoorde in jou notaboek en kontroleer dit na afloop van die les.

| Vraag | Antwoorde |
|---|---|
| 1 'n Ander woord vir monitor is "nagaan". **Waar of onwaar?** | |
| 2 Leerders hoef slegs hul begrip te monitor wanneer hulle ontluikende lesers is. **Waar of onwaar?** | |
| 3 Een van die beste maniere om begrip te monitor, is om gou te stop wanneer 'n probleem geïdentifiseer is en dan terug te gaan en die gedeelte weer te lees om die probleem te probeer oplos. **Waar of onwaar?** | |
| 4 Sodra leerders nie 'n woord verstaan nie, moet hulle dit in die woordeboek naslaan. Waar of onwaar? | |

**Besinning**

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

| Vraag | Antwoorde |
|---|---|
| 1 Bevind jy dat jy monitor en teruggaan om weer te lees wanneer jy oor 'n onbekende onderwerp lees? | |
| 2 Watter soort tekste vereis gewoonlik deeglike monitering? | |

Welgedaan! Jy het Les 18 voltooi.

# **Les 19:** Strategie 6 – Opsomming

60 mins

Welkom terug.

Om te leer hoe om op te som, is om te leer hoe om belangrike idees in enige teks te identifiseer, maar veral in niefiksietekste. Opsomming is 'n noodsaaklike vaardigheid wat leerders moet ontwikkel, want dis veral belangrik vir die hoër grade. Wanneer ons opsom, moet ons die belangrikste inligting identifiseer.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Waarom dit belangrik is om opsommingsvaardighede te onderrig.
- Hoe om kinders te leer hoe om op te som.
- Die gebruik van grafika soos tabelle en boomdiagramme om opsomming te ondersteun.

## Notas oor die onderrig van opsommings

1. Daar is verskeie maniere om tekste op te som. Dit sluit tabelle, vloeidiagramme, een-woord-opsommings, een-sin-opsommings en boomdiagramme in. Onderrig leerders in die gebruik van hierdie verskillende formate vir opsomming.
2. Leer die kinders waar hulle vir sekere soorte inligting in die teks moet soek.
   a) Die oorhoofse onderwerp word in die opskrif aangedui
   b) 'n Goed geskrewe paragraaf het gewoonlik een hoofidee en die ander sinne ondersteun of illustreer die hoofidee. Hoofidees word gewoonlik vasgelê in een sin, wat die onderwerpsin genoem word.
3. Ons moet ons afvra: Wat is die hoof- of sleutelidee in hierdie paragraaf? En dan moet ons vra: Watter sinne ondersteun of gee voorbeelde van die hoofidee?





VIDEO

**Kyk nou na video 147: Summarising non-fiction**

8 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Kan ons slegs opsom NADAT ons die volledige teks gelees het, of som ons ook op TERWYL ons lees?
2. Sou ons 'n storie op dieselfde manier as 'n niefiksieteks opsom?
3. Wat is die waarde daarin om 'n opsommingstabel op te stel?




KYK NOU

**Lees hierdie samevatting van hoe om opsommings te onderrig.**

## WAT onderrig ek?

**Hoe om die HOOFIDEES in 'n teks te identifiseer.**

**Hoe om** tussen die hoofidees en die ondersteunende idees **te onderskei.**

**Wat is belangrik in die verskeie soorte tekste.**

## HOEKOM?

**Dit help met die begrip** van langer tekste.

**Dit is 'n noodsaaklike vaardigheid** vir kinders, veral in die intermediêre en senior fase van skoolopvoeding.

**Opsommings van sleutelidees help kinders om te studeer** en te onthou wat hulle geleer het.

## WANNEER?

Onderrig kinders eksplisiet hoe om tekste **tydens gedeelde lees** op te som.

**Sleutelidees moet geïdentifiseer word terwyl hulle lees** sodat hulle 'n opsomming kan maak as hulle klaar gelees het.

## HOE?

Wys hoe om idees in **sowel inligtingstekste as verhalende tekste** te identifiseer.

**Vestig hulle aandag op die titel en opskrifte/**onderopskrifte.

**Vra die kinders om** in een sin **te vertel wat** in die storie **gebeur het** of om die hoofpunt van die teks uit te wys.



VRAE

Antwoorde

### Kyk na hierdie samevatting van die opsommingstrategie

Gaan jou begrip na: **Pas die kolomme.**

| **A**/ VRAAG | **B**/ ANTWOORD |
|---|---|
| 1 Jy wil hê die leerders moet 'n algehele idee hê van waaroor die teks gaan. | a. Vra die leerders om die onderwerpsin te vind. |
| 2 Jy wil hê die leerders moet uitvind wat die hoofidee in 'n paragraaf is. | b. Vra die leerders om die opskrif te lees, aangesien dit die onderwerp opsom. |
| 3 Jy wil hê die leerders moet ondersteunende sinne in 'n paragraaf identifiseer. | c. Vra hulle om in een sin op te som waaroor die teks gaan. |
| 4 Jy wil hê die leerders moet vir jou 'n algemene opsomming gee van waaroor die teks gaan. | d. Vra die leerders om te kyk watter sinne in 'n paragraaf voorbeelde illustreer of gee. Dit is nie die hoofidees nie, maar slegs ondersteunende idees. |

### Besinning

Voordat jy die antwoorde van jou selfassessering nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Hoe sou jy jou eie vermoë skat om opsommings van akademiese tekste te doen?
2. Wat sal jou help om beter opsommings te skryf?

Welgedaan! Jy het Les 19 voltooi.



Funda Wande
Reading for Meaning

# **Les 20:** Gebruik vrae om begrip te bou

60 mins

Welkom terug.

In hierdie les kyk ons na verskeie soorte vrae: letterlik, om 'n afleiding te maak en evaluerend.

**Wat jy in hierdie les sal leer**

- Vind meer uit oor die verskillende soorte vrae.

### Wat is die verskillende soorte vrae?


Wanneer jy letterlike begripsvrae vra, wil jy hê die leerders moet inligting vind wat in die teks geskryf is. Onderrig die leerders om die teks te lees om die antwoorde op hierdie soorte vrae te beantwoord:

a) Vind spesifieke besonderhede in die teks.
b) Vind spesifieke woorde.
c) Identifiseer en vind plekke en gebeure wat bespreek word.

**Vrae om 'n afleiding te maak**


**Stop. Dink!**

**Gebruik leidrade uit die teks EN jou kennis van die wêreld**



**Waarom? Hoe? Voorspel. Wat is die hoofidee?**
**Sou jy? Hoekom het die skrywer?**

**Letterlike vrae is direk op die teks gerig om die antwoord te vind**



**Wie? Wat? Waar? Wanneer? Watter soort? Hoeveel? Lys, vind, benoem.**

Wanneer jy vrae vra sodat 'n afleiding gemaak kan word, wil jy hê die leerders moet antwoorde in hul kop vind met behulp van leidrade in die teks.


a) Hulle moet stop en oor die teks dink.
b) Hulle moet hul agtergrondkennis en leidrade in die teks gebruik om die antwoord af te lei.
c) Hulle moet hul antwoord met besonderhede uit die teks kan staaf.



**Evaluerende vrae**

**Wat dink jy?**

**Gee jou mening in verband met die teks**



**Na jou mening ... Stem jy saam?**
**Hoekom hou jy van?**
**Wat is die implikasies?**


Wanneer jy evaluerende (of waarderende) vrae vra, wil jy hê die leerders moet hul mening gee.

a) Hulle moet besluit of hulle met die skrywer saamstem of nie.
b) Hulle moet hul mening gee oor die onderwerp en wat daaroor geskryf is.

VIDEO

## Kyk nou na video 150: Types of questions

8 mins





WATCH NOW

## Kyk nou na video 178: Inferential questions

12 mins

*Terwyl jy kyk, dink na oor hierdie vrae:*

1. Waarom sukkel die leerders om 'n redelike antwoord te gee?
2. Hoe help die onderwyser hulle om die regte antwoord te vind?




KYK NOU

QUIZ

## Gaan jou begrip na: Pas bymekaar

**Antwoorde**

Kyk hierdie bladsy uit 'n Vula Bula-storie en lees die vrae wat daarop volg. Watter soort vraag is elkeen? Kies die regte antwoord uit die keuses wat voorsien is.


Unkosazana uNkawu umeme
umnumzana uNkawu.
Baza kutya isonka nesonka samasi.
Unkosazana ubeka isonka efestileni.
Ubeka nesonka samasi esityeni.
63

**Vraag:** Watter een van die drie ondergemelde vrae is 'n vraag om 'n afleiding te maak?

1. Wat maak mev. Nkawu?
   a) Evaluerende vraag
   b) Vraag om 'n afleiding te maak
   c) Letterlike vraag

2. Hoekom sit sy die brood op die vensterbank?
   a) Evaluerende vraag
   b) Letterlike vraag
   c) Vraag om 'n afleiding te maak

3. Wie is Nkosazana Nkawu se man?
   a) Letterlike vraag
   b) Evaluerende vraag
   c) Vraag om 'n afleiding te maak

**Besinning**

Voordat jy jou antwoorde nagaan, besin asseblief oor die volgende:

1. Voel jy gemaklik oor die verskil tussen letterlike vrae en vrae om 'n afleiding te maak?
2. Dink oor die voordele wat beplanning en die opstel van goeie vrae inhou.

Welgedaan! Jy het Les 20 voltooi.

Dit is die einde van hierdie eenheid oor begrip, asook die einde van hierdie module. Ons hoop jy het die module geniet en waarde daaruit geput!

## Antwoorde op vrae in lesse

### Les 11
**1. Onwaar.** Ten einde 'n woord te ken, moet ons gewoonlik weet wat dit beteken, hoe om dit te gebruik, watter deel van spraak dit is en hoe om dit te spel.
**2. Waar.** Die kennis van woordeskat is uiters belangrik om sukses op skool te behaal.
**3. Onwaar.** Grootte sowel as diepte is belangrik.
**4. Waar.** Die diepte van woordeskat behels die feit dat jy weet hoe om die woord in verskillende kontekste te gebruik en dat jy sinonieme en antonieme en woordassosiasie ken.

### Les 12
**1. Blootstelling: b.** Bied geleenthede aan leerders om te lees en taal te gebruik om hul woordeskat te ontwikkel.
**2. Die Mattheüs-effek: d.** Leerders wat lees, doen meer woordeskatkennis op wat hulle aanmoedig om meer te lees en hulle word dus voortdurend "ryker" in hul woordkennis.
**3. Ryk taal: a.** Taal wat uitdrukkingsvol en gevarieerd is en nuwe woorde en begrippe bevat.
**4. Toevallige woordeskatleer: c.** Die ontwikkeling van woordeskat terwyl ander idees en aktiwiteite onderrig word.

### Les 13
1. Die onderwyser moet leerders aktief leer hoe om te begryp deur vrae te vra en die leerders te help om **interaksie** met die teks te hê.
2. As leerders oor die **struktuur** van 'n teks geleer word, sal dit hulle help om te verstaan hoe die formaat van 'n teks die bedoeling beïnvloed.
3. Die onderwyser moet nie net letterlike vrae vra nie, maar ook vrae om 'n **afleiding** te maak.
4. Om leerders te vra om te dink oor wat volgende in die storie gebeur, word voorspelling genoem.
**5.** Begripstrategieë moet **eksplisiet** deur die onderwyser onderrig en gemodelleer word.

### Les 14
1. As jy fokus op wat die leerders van 'n onderwerp weet, sal dit hulle motiveer om meer te lees.
2. Die onderwyser kan die leerders vra om te dink oor wat hulle van die onderwerp weet asook hulle kennis van **taalstrukture.**
3. Die **omslag** van die boek is 'n goeie plek om te begin om leerders te vra oor wat hulle weet.
4. Wanneer leerders hul bestaande kennis op die teks toepas, sal hulle meer in staat wees om 'n **afleiding** te maak van betekenisse wat nie eksplisiet in die teks verskyn nie.

### Les 15
**Die beste voorspellingsvraag is vraag 3,** aangesien dit die leerder leiding gee oor waarop sy/haar voorspelling gemaak moet word en om nie 'n raaiskoot te neem nie.



### Les 16
**1. Waar.** As mens 'n prent van iets het, sal dit makliker wees om te onthou.
**2. Waar.** Hoe meer sintuie gebruik word, hoe duideliker sal die prent wees.
**3. Waar.** Hoewel visualisering vir die meeste tekste gebruik kan word, kan daar sekere tekste wees wat nie geskik is vir hierdie kreatiewe proses nie.
**4. Waar.** Om visualisering effektief te laat plaasvind, moet die onderwyser beplan waar in die teks sy hierdie strategie sal gebruik en hoe sy die proses van visualisering sal steier.

### Les 17
**Vraag 3 is 'n vraag om 'n afleiding te maak.** Die teks dui nie aan waarom Bongi skree nie en ons moet dus die antwoord aflei. Ervaring leer ons dat mense skree as hulle bang is, of as hulle baie opgewonde is. Ons het reeds gelees dat Bongi baie bly was om haar niggie te sin. Ons kan die afleiding maak dat Bongi opgewonde en gretig is en daarom skree sy, eerder as om stilweg vir Dumi te vra om na die park te gaan.

### Les 18
**1. Waar.** Om te monitor beteken om na te gaan.
**2. Onwaar.** Self vloeiende lesers moet hulle begrip monitor, maar hulle kan dit gewoonlik vinnig en dikwels onbewustelik doen.
**3. Waar.** 'n Goeie manier om 'n leemte in begrip te probeer herstel, is om terug te gaan na waar die teks laas sin gemaak het en die stuk wat volg weer te lees.
**4. Onwaar.** Leerders moet probeer om die betekenis te vind deur weer te lees of selfs vooruit te lees. 'n Woordeboek moet slegs as 'n laaste uitweg geraadpleeg word.

### Les 19
**1. b)** Woordlees verwys daarna om woorde vinnig en akkuraat te herken en te lees.
**2. b)** Vinnige woordlees verbeter mondelinge leesvlotheid.
**3. b)** 'n Hoë-frekwensie-woord is 'n woord wat dikwels in tekste gebruik word. (Baie hoë-frekwensie-woorde in Engels is ook sigwoorde.)
**4. b)** Sigwoorde is woorde wat herken kan word sonder dat elke foneem geklank word.

### Les 20
**1. c)** Letterlik, aangesien die teks ons vertel dat sy brood maak.
**2. b)** 'n Afleiding moet gemaak word, want die leser moet self bepaal hoekom sy die brood op die vensterbank sit.
**3. a)** Letterlik, aangesien die teks ons vertel dat haar man Umnumzana Nkawu is.

## Notas vir selfassessering

creative commons
CC-BY- 4.0

Vir verdere inligting en om toegang tot al ons hulpbronne te verkry, besoek **fundawande.org**

9 781990 952678